Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Ebrahim Peck (AOO)**
**Glynis Schreuder (VOO)**
Direktoraat: Kurrikulum AOO
Direktoraat: Kurrikulum VOO
Ebrahim.Peck@westerncape.gov.za | 021 467 2619
Glynis.Schreuder@westerncape.gov | 021 467 2630

Lêernommer: 21/2/5/2/BACK ON TRACK
Verwysing: 20230424-3745

Kurrikulum AOO- en VOO-minuut: 0001/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs vir die Intermediêre Fase, Senior Fase en VOO-band, Prinsipale en Departementele hoofde van gewone openbare skole

**Onderwerp: Die program, *Kom op koers*, om Tale en Wiskunde in graad 4, 7, 8, 10 en 12 te versterk**

1. Die COVID-19-pandemie het ongekende ontwrigting aan onderwysstelsels oor die hele wêreld heen veroorsaak. Een van die gevolge van die pandemie was dat onderrig- en leertyd verminder is, en dit het tot beduidende leerverliese gelei. Talle wêreldwye en plaaslike verslae bevestig die verreikende verliese en risiko's, onder meer die volgende:
   - *How is the COVID-19 pandemic affecting educational quality in South Africa?*, 2020, deur Martin Gustafsson en Carol Nuga.
   - Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) se *Systemic Diagnostic Report*, 2022.
   - WKOD se *Systemic Diagnostic Results Report*, 2022.
   - *Learning losses from COVID-19 in the Western Cape, 2019–2021*, deur Servaas van der Berg, Ursula Hoadley, Jaamia Galant, Chris van Wyk en Bianca Böhmer van die navorsingsgroep oor sosio-ekonomiese beleid van die Universiteit Stellenbosch.

2. Om die impak van COVID-19 op onderrig en leer te verminder, gaan die WKOD 'n driejarige kurrikulumherstelplan, ***Kom op koers***, implementeer.

3. In die Intermediêre Fase en Senior Fase sal die program op Wiskunde en Tale fokus, en sal die volgende insluit:

   a) Professionele ontwikkeling van onderwysers, wat 2 000 onderwysers sal teiken en gebaseer is op 'n 1 + 9-model, waar geselekteerde onderwysers een keer elke 10 dae nie onderrig sal gee nie, maar opleiding buite die skool sal ontvang.

   b) Leerderprogramme wat 10 000 leerders in graad 4, 7 en 8 sal teiken. Leerders sal op Saterdae en tydens skoolvakansies intensiewe onderrigsessies bywoon.

4. Die kriteria vir die keuse van onderwysers en leerders is op die uitslae van die WKOD se sistemiese toetse vir 2022 gebaseer.

5. In die Verdere Onderwys- en Opleidingsband (VOO), sal die program op die volgende fokus:

   a) Graad 10: Altesaam 140 skole is geïdentifiseer vir geteikende ondersteuning in Wiskunde, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe, Rekeningkunde, Besigheidstudies en Ekonomie.
      - Onderwysers van hierdie skole sal twee keer per week ontwikkelingsessies vir onderwysers, sogenaamde *Just in Time*-sessies, bywoon.
      - Geïdentifiseerde leerders sal Saterdae klasse in hierdie vakke bywoon.

   b) Graad 12: Geteikende ondersteuning sal aan bevorderde leerders en risiko-leerders in die volgende vakke gegee word: Engels Huistaal (HT), Afrikaans HT, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid, Fisiese Wetenskappe, Lewenswetenskappe, Rekeningkunde, Besigheidstudies en Ekonomie.
      - Onderwysers van hierdie skole sal twee keer per week ontwikkelingsessies vir onderwysers, sogenaamde *Just in Time*-sessies, bywoon.
      - Geïdentifiseerde leerders sal Saterdae klasse in hierdie vakke bywoon
      - Geïdentifiseerde leerders sal gedurende die Julie- en Oktober-skoolvakansies klasse bywoon.

6. Prinsipale van die geselekteerde skole sal verdere kommunikasie van hul distrikskantore ontvang en sal ook uitgenooi word om inligtingsessies by te woon.

7. Die program sal op 04 Mei 2023 geïmplementeer word.

8. Prinsipale word versoek om hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers in die Intermediêre Fase, Senior Fase en VOO-fase by hul skole te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-05-03